



# Offisiële Koerant



# Official Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRYS: S.A. 75c Plus 9c A.V.B. OORSEE: 95c

PRICES: S.A. 75c Plus G.S.T. OVERSEAS: 95c

Vol. 233

PRETORIA 17 OKTOBER 1990  
17 OCTOBER

4715

## BELANGRIKE AANKONDIGING

Die Provinsiale Koerant se kantore verskuif op 3 Oktober 1990 na die 5e Vloer, Ou Poyntongebou, Kamer 515, Kerkstraat, Pretoria.

In dringende gevalle kontak 201 2811 en laat 'n boodskap.

**C G D GROVÉ**  
nms Direkteur-generaal

OFFISIËLE KOERANT VAN DIE TRANSVAAL  
(Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens, moet aan die Direkteur-generaal, Transvaalse Provinsiale Administrasie, Privaatsak X64, Pretoria, geadresseer word en indien per hand afgelewer, moet dit op die Vyfde Vloer, Kamer 515, Ou Poyntongebou, Kerkstraat, ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels van advertensies word nie verskaf nie.

*Intekengeld (vooruitbetaalbaar) met ingang 1 Januarie 1989.*

Transvaalse *Offisiële Koerant* (met ingebrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R40,00 plus AVB.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 85c elk plus AVB.

Prys per eksemplaar (posvry) — 75c elk plus AVB.

Verkrygbaar by 5e Vloer, Kamer 515, Ou Poyntongebou, Kerkstraat, Pretoria 0002.

*Sluitingstyd vir Aanname van Advertensies*

Alle advertensies moet die Beampte belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later as 10:00 op Dinsdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat ná daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

*Advertensietariewe met ingang van 1 Januarie 1989*

Kennisgewing wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom — R5,00 per sentimeter of deel daarvan. Herhaling — R4,00.

Enkelkolom — R4,50 per sentimeter. Herhaling — R3,00.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Direkteur-generaal, Privaatsak X225, Pretoria 0001.

**C G D GROVÉ**  
Namens Direkteur-generaal

K5-7-2-1

## IMPORTANT ANNOUNCEMENT

The offices of the Provincial Gazette are moving to the Fifth Floor, Old Poynton Building, Room 515, Church Street, Pretoria.

In an event of an emergency please contact 201 2811 and leave a message.

**C G D GROVÉ**  
for Director-General

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL  
(Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Director-General, Transvaal Provincial Administration, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in on the Fifth Floor, Room 515, Old Poynton Building, Church Street. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

*Subscription Rates (payable in advance) as from 1 January 1989.*

*Transvaal Official Gazette* (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R40,00 plus GST.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 85c each plus GST.

Price per single copy (post free) — 75c each plus GST.

Obtainable at Fifth Floor, Room 515, Old Poynton Building, Church Street, Pretoria, 0002.

*Closing Time for Acceptance of Advertisements*

All advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 10:00 on the Tuesday a week before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

*Advertisements Rates as from 1 January 1989*

Notices required by Law to be inserted in the *Official Gazette*:

Double column — R5,00 per centimetre or portion thereof. Repeats — R4,00.

Single column — R4,50 per centimetre. Repeats — R3,00.

Subscriptions are payable in advance to the Director-General, Private Bag X225, Pretoria 0001.

**C G D GROVÉ**  
For Director-General

K5-7-2-1

## Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 484

17 Oktober 1990

MUNISIPALITEIT KINROSS

### VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Munisipaliteit van Kinross 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit van Kinross verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die Bylae hierby omskryf word.

Enige belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant aan die Direkteur-generaal: Tak Gemeenskapsontwikkeling, Private Bag X437, Pretoria, 0001 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif, in geheel of ten dele, te voldoen nie.

Verdere besonderhede van die aansoek lê in die kantoor van die Direkteur-generaal, Tak Gemeenskapsontwikkeling, Kamer B213, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, ter insae.

GO 17/30/2/88

15/900213D

BYLAE

### UITBREIDING VAN KINROSS MUNISIPALE GRENSE

#### GEBIED 1

Begin by Baken E op Kaart A 2929/57 van Gedeelte 8 van die plaas Zondagskraal 125 IS; daarvandaan ooswaarts en suidwaarts met die noordelike en oostelike grense van die Restant van Gedeelte 7, groot 313,5321 hektaar (Kaart A 2928/57), langs, tot by die noordoostelike baken van Gedeelte 18 (Kaart A 5138/78); daarvandaan noordweswaarts met die grens van genoemde Gedeelte 18 (Kaart A 5138/78) langs, sodat dit uit hierdie gebied uitgesluit word, tot by die noordwestelike baken daarvandaan; daarvandaan verder noordweswaarts in 'n reeks reguit lyne deur Bakens E1, D1, C1 en B1 op kaart A 3301/88 vervaardig vir Proklamasiedoeleindes oor genoemde Restant van Gedeelte 7, tot by Baken A1 daarop; daarvandaan noordwaarts met die westelike grense van genoemde Restant van Gedeelte 7 (Kaart A 2928/57) langs, tot by Baken E op genoemde Kaart A 2929/57 van Gedeelte 8, die beginpunt.

#### GEBIED 2

Begin by Baken A op Kaart A 3301/88 vervaardig vir Proklamasiedoeleindes oor die Restant van Gedeelte 7, groot 313,5321 hektaar (Kaart A 2928/57) van die plaas Zondagskraal 125 IS; daarvandaan algemeen suidooswaarts in 'n reeks reguit lyne deur Bakens B, C, D, E, F, G, H, J, K, L, M, N, P, Q, R en S op genoemde Kaart A 3301/88 vervaardig vir Proklamasiedoeleindes, tot by Baken T daarop; daarvandaan weswaarts en algemeen noordwaarts met die suidelike en westelike grense van genoemde Restant van Gedeelte 7 (Kaart A 2928/57) langs, tot by Baken A op genoemde Kaart A 3301/88 vervaardig vir Proklamasiedoeleindes, die beginpunt.

Tik.fl/22

## Administrator's Notices

Administrator's Notice 484

17 October 1990

KINROSS MUNICIPALITY

### PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Kinross Municipality has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance, alter the boundaries of Kinross Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for any persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the Provincial Gazette, to direct to the Director-General: Community Development Branch, Private Bag X437, Pretoria, 0001 a counterpetition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Director-General: Community Development Branch, Room B213, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

GO 17/30/2/88

15/900213D

SCHEDULE

### EXTENSION OF KINROSS MUNICIPAL BOUNDARY

#### AREA 1

Beginning at Beacon E on Diagram A 2929/57 of Portion 8 of the farm Zondagskraal 125 IS; thence eastwards and southwards along the northernmost and easternmost boundaries of the Remainder of Portion 7, in extent 313,5321 hectares (Diagram A 2928/57), to the north-eastern beacon of Portion 18 (Diagram A 5138/78); thence north-westwards along the boundary of the said Portion 18 (Diagram A 5138/78), so as to exclude it from this area, to the north-western beacon hereof; thence further north-westwards in a series of straight lines through Beacons E1, D1, C1 and B1 on Diagram A 3301/88 framed for Proclamation purposes across the said Remainder of Portion 7, to Beacon A1 thereon; thence northwards along the western boundary of the said Remainder of Portion 7 (Diagram A 2928/57), to Beacon E on the said Diagram A 2929/57 of Portion 8, the point of beginning.

#### AREA 2

Beginning at Beacon A on Diagram A 3301/88 framed for Proclamation purposes across the Remainder of Portion 7, in extent 313,5321 hectares (Diagram A 2928/57) of the farm Zondagskraal 125 IS; thence generally south-eastwards in a series of straight lines through Beacons B, C, D, E, F, G, H, J, K, L, M, N, P, Q, R and S on the said Diagram A 3301/88 framed for Proclamation purposes, to Beacon T thereon; thence westwards and generally northwards along the southern and western boundaries of the said Remainder of Portion 7 (Diagram A 2928/57), to Beacon A on the said Diagram A 3301/88 framed for Proclamation purposes, the point of beginning.

Administrateurskennisgewing 485 17 Oktober 1990

**DORP LONE HILL UITBREIDING 13**

**KENNISGEWING VAN VERBETERING**

Die Bylae tot Administrateurskennisgewing 708 van 11 Oktober 1987 word hiermee verbeter deur klousule 1(4)(d) te skrap.

PB 4-2-2-6783

Administrateurskennisgewing 486 17 Oktober 1990

**PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 2170**

Die Administrateur verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Pretoria-dorpsbeplanningskema 1974 wat uit dieselfde grond as die dorp Equestria Uitbreiding 2 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Departementshoof, Plaaslike Beuur, Behuising en Werke, Pretoria, en die Stadsklerk, Pretoria, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 2170.

56/900122P PB 4-9-2-3H-2170

Administrateurskennisgewing 487 17 Oktober 1990

**VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Equestria Uitbreiding 2 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

PB 4-2-2-5351

**BYLAE**

**VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR WILSE MARE INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 244 VAN DIE PLAAS THE WILLOWS 340-JR PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS**

**1. STIGTINGSVOORWAARDES**

**(1) NAAM**

Die naam van die dorp is Equestria Uitbreiding 2.

**(2) ONTWERP**

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG No A8027/88.

**(3) STORMWATER DRAINAGE AND STREET CONSTRUCTION**

(a) The township owner shall on request by the local authority submit to such authority for its approval a detailed scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of stormwater throughout the town-

Administrator's Notice 485 17 October 1990

**LONE HILL EXTENSION 13 TOWNSHIP**

**CORRECTION NOTICE**

The Schedule to Administrator's Notice 708 of 11 October 1987 is hereby rectified by the deletion of clause 1(4)(d).

PB 4-2-2-6783

Administrator's Notice 486 17 October 1990

**PRETORIA AMENDMENT SCHEME 2170**

The Administrator hereby in terms of the provisions of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he approved an amendment scheme, being an amendment of Equestria Extension 3 Town-planning Scheme 1974 comprising the same land as included in the township of Pretoria.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Head of Department, Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the Town Clerk, Pretoria, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 2170.

56/900122P PB 4-9-2-3H-2170

Administrator's Notice 487 17 October 1990

**DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP**

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Equestria Extension 2 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

PB 4-2-2-5351

**SCHEDULE**

**CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY WILSE MARE UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 244 OF THE FARM THE WILLOWS 340-JR PROVINCE OF TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED**

**1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT**

**(1) NAME**

The name of the township shall be Equestria Extension 2.

**(2) DESIGN**

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan SG No A8027/88.

**(3) STORMWATERDREINERING EN STRAATBOU**

(a) Die dorpsieenaar moet op versoek van die plaaslike bestuur aan sodanige bestuur 'n gedetailleerde skema, volledig met planne, deursnee en spesifikasies, opgestel deur 'n siviele ingenieur wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, vir die opgaar en afvoer van stormwater deur die hele dorp

deur middel van behoorlike aangelegde werke en vir die aanlê, teermacadamisering, beranding en kanalisering van die strate daarin, tesame met die verskaffing van sodanige keermure as wat die plaaslike bestuur nodig ag, vir goedkeuring voorlê.

Verder moet die skema die roete en helling aandui deur middel waarvan elke erf toegang tot die aangrensende straat verkry.

- (b) Die dorpseienaar moet, wanneer die plaaslike bestuur dit vereis, die goedgekeurde skema op eie koste namens en tot bevrediging van die plaaslike bestuur, onder toesig van 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, uitvoer.
- (c) Die dorpseienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die strate tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat die strate ooreenkomstig subklousule (b) gebou is.
- (d) Indien die dorpseienaar versuim om aan die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) hiervan te voldoen, is die plaaslike bestuur geregtig om die werk op koste van die dorpseienaar te doen.
- (4) **BEGIFTIGING**  
Die dorpseienaar moet kragtens die bepalings van artikel 63(1)(b) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, aan die plaaslike bestuur as begiftiging 'n globale bedrag van R22 154,00 betaal welke bedrag deur die plaaslike bestuur aangewend moet word vir die verkryging van 'n park (openbare oopruimte).  
Sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 73 van genoemde Ordonnansie.
- (5) **BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES**  
Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.
- (6) **TOEGANG**  
Geen ingang van Provinsiale Pad K145 tot die dorp en geen uitgang tot Provinsiale Pad K145 uit die dorp word toegelaat nie.
- (7) **ONTVANGS EN VERSORGING VAN STORMWATER**  
Die dorpseienaar moet die stormwaterdreinerings van die dorp so reël dat dit inpas by die van Pad K145 en moet die stormwater wat van die pad afloop of afgelei word, ontvang en versorg.
- (8) **VERSKUIWING OF VERVANGING VAN MUNISIPALE DIENSTE**  
Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale dienste te verskuif of te vervang moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

ship by means of properly constructed works and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channelling of the streets therein together with the provision of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority.

Furthermore, the scheme shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

- (b) The township owner shall, when required by the local authority to do so, carry out the approved scheme at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.
- (c) The township owner shall be responsible for the maintenance of the streets to the satisfaction of the local authority until the streets have been constructed as set out in subclause (b).
- (d) If the township owner fails to comply with the provisions of paragraphs (a), (b) and (c) hereof the local authority shall be entitled to do the work at the cost of the township owner.
- (4) **ENDOWMENT**  
The township owner shall, in terms of the provisions of section 63(1)(b) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay a lump sum endowment of R22 154,00 to the local authority for the provision of land for a park (public open space).  
Such endowment shall be payable in terms of section 73 of the said Ordinance.
- (5) **DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE**  
All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.
- (6) **ACCESS**  
No ingress from Provincial Road K145 to the township and no egress to Provincial Road K145 from the township shall be allowed.
- (7) **ACCEPTANCE AND DISPOSAL OF STORMWATER**  
The township owner shall arrange for the drainage of the township to fit in with that of Road K145 and for all stormwater running off or being diverted from the road to be received and disposed of.
- (8) **REMOVAL OR REPLACEMENT OF MUNICIPAL SERVICES**  
If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing municipal services, the cost thereof shall be borne by the township owner.



(9) VERPLIGTINGE TEN OPSIGTE VAN NOODSAAKLIKE DIENSTE

Die dorpseienaar moet binne sodanige tydperk as wat die plaaslike bestuur mag bepaal, sy verpligtinge met betrekking tot die voorsiening van water, elektrisiteit en sanitêre dienste en die installering van stelsels daarvoor, soos vooraf ooreengekom tussen die dorpseienaar en die plaaslike bestuur, nakom.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur die Administrateur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965.

(1) ALLE ERWE

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(b) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke wat hy volgens goeë dunde noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke veroorsaak word.

(2) ERF 105

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir paddoeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur, soos op die algemene plan aangedui. By die indiening van 'n sertifikaat deur die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes waarin vermeld word dat sodanige serwituut nie meer benodig word nie, vervel die voorwaarde.

4/90-07-24P

Administrateurskennisgewing 488

17 Oktober 1990

SANDTON-WYSIGINGSKEMA 1519

Die Administrateur verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Sandton-dorpsbeplanning 1980 wat uit dieselfde grond as die dorp Lone Hill Uitbreiding 23 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Departementshoof, Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, en die Stadsklerk, Sandton en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

(9) OBLIGATIONS IN REGARD TO ESSENTIAL SERVICES

The township owner shall within such period as the local authority may determine, fulfil its obligations in respect of the provision of water, electricity and sanitary services and the installation of systems therefor, as previously agreed upon between the township owner and the local authority.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated imposed by the Administrator in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.

(1) ALL ERVEN

(a) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, of sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the foresaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(2) ERF 105

The erf is subject to a servitude for road purposes in favour of the local authority, as indicated on the general plan. On submission of a certificate from the local authority to the Registrar of Deeds stating that the servitude is no longer required, this condition shall lapse.

4/90-07-23P

17

Administrator's Notice 488

17 October 1990

SANDTON AMENDMENT SCHEME 1519

The Administrator hereby in terms of the provisions of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he approved an amendment scheme, being an amendment of Lone Hill Extension 23 Town-planning Scheme 1980 comprising the same land as included in the township of Sandton.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Head of Department, Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the Town Clerk, Sandton and are open for inspection at all reasonable times.

Hierdie wysiging staan bekend as Sandton-wysigingskema 1519.

PB4-9-2-116H-1519

56/900122P

Administrateurskennisgewing 489

17 Oktober 1990

### VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Lone Hill Uitbreiding 23 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

PB 4-2-2-7421

#### BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR MORGAN DEVELOPMENTS CC INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 15 VAN DIE PLAAS LONE HILL NO 1 I.R. PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS

#### 1. STIGTINGSVOORWAARDES

##### (1) NAAM

Die naam van die dorp is Lone Hill Uitbreiding 23.

##### (2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A5813/89.

##### (3) STORMWATERDREINERING EN STRAATBOU

(a) Die dorpseienaar moet op versoek van die plaaslike bestuur aan sodanige bestuur 'n gedetailleerde skema, volledig met planne, deursnee en spesifikasies, opgestel deur 'n siviele ingenieur wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, vir die opgaar en afvoer van stormwater deur die hele dorp deur middel van behoorlike aangelegde werke en vir die aanlê, teermacadamisering, beranding en kanalisering van die strate daarin, tesame met die verskaffing van sodanige keermure as wat die plaaslike bestuur mag nodig ag, vir goedkeuring voorlê.

Verder moet die skema die roete en helling aandui deur middel waarvan elke erf toegang tot die aangrensende straat verkry.

(b) Die dorpseienaar moet, wanneer die plaaslike bestuur dit vereis, die goedgekeurde skema op eie koste namens en tot bevrediging van die plaaslike bestuur, onder toesig van 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, uitvoer.

(c) Die dorpseienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die strate tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat die strate ooreenkomstig subklousule (b) gebou is.

(d) Indien die dorpseienaar versuim om aan die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) hiervan te voldoen, is die plaaslike bestuur

This amendment is known as Sandton Amendment Scheme 1519.

PB4-9-2-116H-1519

56/900122P

Administrator's Notice 489

17 October 1990

### DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Lone Hill Extension 23 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

PB 4-2-2-7421

#### SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY MORGAN DEVELOPMENTS CC UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 15 OF THE FARM LONE HILL NO 1 I.R. PROVINCE OF TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED

#### 1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

##### (1) NAME

The name of the township shall be Lone Hill Extension 23.

##### (2) DESIGN

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A5813/89.

##### (3) STORMWATER DRAINAGE AND STREET CONSTRUCTION

(a) The township owner shall on request by the local authority submit to such authority for its approval a detailed scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of stormwater throughout the township by means of properly constructed works and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channelling of the streets therein together with the provision of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority.

Furthermore, the scheme shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

(b) The township owner shall, when required by the local authority to do so, carry out the approved scheme at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.

(c) The township owner shall be responsible for the maintenance of the streets to the satisfaction of the local authority until the streets have been constructed as set out in subclause (b).

(d) If the township owner fails to comply with the provisions of paragraphs (a), (b) and (c) hereof the local authority shall be entitled

geregrig om die werk op koste van die dorpseienaar te doen.

(4) **BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES**

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd —

(a) die volgende serwituut wat slegs 'n straat in die dorp raak:

“C. Subject to a right of way 50' (fifty feet) wide, as represented by the figure AadD on Diagram S.G. No. A5888/49 annexed to the said Deed of Transfer No. 18800/1958, in favour of the General Public.”

(b) die volgende serwituut wat nie die dorp raak nie:

“A. The Remaining Extent of the said farm LONE HILL aforementioned measuring as such 400,7476 (Four Hundred decimal Seven Four Seven Six) morgen, (Portion 15 whereof is hereby transferred) is SUBJECT to Notarial Deed No. 23/1955S., registered on the 14th January, 1955, whereby the Right was granted to the Electricity Supply Commission to convey electricity over the aforesaid Remaining Extent together with Ancillary Rights and subject to such conditions as will more fully appear on reference to the said Notarial Deed.”

(5) **GROND VIR MUNISIPALE DOELEINDES**

Erf 725 moet deur en op koste van die dorpseienaar aan die plaaslike bestuur as 'n park oorgedra word.

(6) **SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE**

Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop tot bevrediging van die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

(7) **BEPERKING OP DIE VERVREEMDING VAN ERWE**

Die dorpseienaar mag nie erwe 721 en 724 aan enige persoon of verenigde liggaam anders as die Stadsraad van Sandton vervreem of te koop aanbied nie, sonder skriftelike kennisgewing aan die Stadsklerk van die voorneme nie. Voorts met 'n eerste opsie, aan die Sandton Stadsraad, vir 'n periode van 36 maande om die erf te bekom teen 'n prys nie hoër nie as wat die dorpseienaar van voorneme is om die erf te vervreem of te koop aan te bied aan sodanige persoon of verenigde liggaam nie.

2. **TITELVOORWAARDES**

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur die Administrateur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965.

(1) **ALLE ERWE**

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale

to do the work at the cost of the township owner.

(4) **DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE**

All erven shall be subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding —

(a) The following servitude which affects a street in the township only:

“C. Subject to a right of way 50' (fifty feet) wide, as represented by the figure AadD on Diagram S.G. No. A5888/49 annexed to the said Deed of Transfer No. 18800/1958, in favour of the General Public.”

(b) The following servitude which does not affect the township area:

“A. The Remaining Extent of the said farm LONE HILL aforementioned measuring as such 400,7476 (Four Hundred decimal Seven Four Seven Six) morgen, (Portion 15 whereof is hereby transferred) is SUBJECT to Notarial Deed No. 23/1955S., registered on the 14th January, 1955, whereby the Right was granted to the Electricity Supply Commission to convey electricity over the aforesaid Remaining Extent together with Ancillary Rights and subject to such conditions as will more fully appear on reference on the said Notarial Deed.”

(5) **LAND FOR MUNICIPAL PURPOSES**

Erf 725 shall be transferred to the local authority by and at the expense of the township owner as a park.

(6) **DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES**

The township owner shall at its own expense cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority, when required by the local authority to do so.

(7) **RESTRICTION ON THE DISPOSAL OF ERVEN**

The township owner shall not dispose of Erven 721 and 724 to any person or corporate body other than the Town Council of Sandton without first having given written notice to the Town Clerk of such intention and given him first option for a period of 36 months to purchase the said erf at a price not higher than that at which it is proposed to dispose thereof to such person or corporate body.

2. **CONDITIONS OF TITLE**

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated imposed by the Administrator in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.

(1) **ALL ERVEN**

(a) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewer-

doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

- (b) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke wat hy volgens goeëdunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke veroorsaak word.

(2) ERF 724

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir paddoeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur, soos op die Algemene Plan aangedui. By die indiening van 'n sertifikaat deur die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes waarin vermeld word dat sodanige serwituut nie meer benodig word nie, vervel die voorwaarde.

(3) ERWE 717, 722 EN 723

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir transformator/substasiedoeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangedui op die Algemene Plan.

Administrateurskennisgewing 490

17 Oktober 1990

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Woodmead Uitbreiding 19 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

PB 4-2-2-8126

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR LEBANON CHRISTIAN ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 30 VAN DIE PLAAS BERGVLEI 37-IR PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) NAAM

Die naam van die dorp is Woodmead Uitbreiding 19.

age and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(2) ERF 724

The erf is subject to a servitude for road purposes in favour of the local authority, as indicated on the General Plan. On submission of a certificate from the local authority to the Registrar of Deeds, stating that the servitude is no longer required, this condition shall lapse.

(3) ERVEN 717, 722 AND 723

The erf is subject to a servitude for transformer/substation purposes in favour of the local authority, as indicated on the General Plan.

Administrator's Notice 490

17 October 1990

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Woodmead Extension 19 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

PB 4-2-2-8126

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE LEBANON CHRISTIAN ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 30 OF THE FARM BERGVLEI 37-IR PROVINCE OF TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) NAME

The name of the township shall be Woodmead Extension 19.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe soos aangedui op Algemene Plan LG A1938/87.

(3) BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd —

- (a) die volgende serwituut wat nie die dorp raak nie:

Notariele Akte van Serwituut No. 201/1939S

- (b) die volgende reg wat nie aan die erwe in die dorp oorgedra moet word nie:

“The former remaining extent of the said portion measuring as such 81.8168 (of which the property hereby transferred forms part) is entitled to a right of way over portion D of portion of Bergvalei No. 1 district Germiston held under Deed of Transfer No 6231/1937 dated the 3rd of April 1937.”

- (c) die volgende voorwaardes met betrekking tot gedeeltes van Gedeeltes 16 en 17 van die plaas wat nie die dorp raak nie:

“No buildings or structures whatsoever shall be erected within the Figure aBCa indicated on the annexed Diagram without the written approval of the Controlling Authority as defined in Act 21 of 1940.”

(4) BEPERKING OP DIE VERVREEMDING VAN ERF

Die dorpseienaar mag nie Erf 714 binne 'n tydperk van ses maande na die verklaring van die dorp tot goedgekeurde dorp aan enige persoon of liggaam anders as die plaaslike bestuur te koop aanbied of vervreem nie tensy die plaaslike bestuur skriftelik aangedui het dat die plaaslike bestuur nie die erf wil aanskaf nie.

(5) SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE

Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop tot bevrediging van die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

(6) VERPLIGTINGE TEN OPSIGTE VAN NOODSAAKLIKE DIENSTE

Die dorpseienaar moet binne sodanige tydperk as wat die plaaslike bestuur mag bepaal, sy verpligtinge met betrekking tot die voorsiening van water, elektrisiteit en sanitêre dienste en die installering van stelsels daarvoor, soos vooraf ooreengekom tussen die dorpseienaar en die plaaslike bestuur, nakom.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe is onderworpe aan die volgende voorwaardes opgelê deur die Administrateur ingevolge die bepalinge van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965.

- (1) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes,

(2) DESIGN

The township shall consist of erven as indicated on General Plan SG A1938/87.

(3) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding —

- (a) the following servitude which does not affect the township area:

Notarial Deed of Servitude No 201/1939 S.

- (b) the following right which shall not be passed on to the erven in the township:

“The former remaining extent of the said portion measuring as such 81.8168 (of which the property hereby transferred forms part) is entitled to a right of way over portion D of portion of Bergvalei No. 1 district Germiston held under Deed of Transfer No. 6231/1937 dated the 3rd of April 1937.”

- (c) the following conditions in respect of parts of Portions 16 and 17 of the farm which does not affect the township area:

“No buildings or structures whatsoever shall be erected within the Figure aBCa indicated on the annexed Diagram without the written approval of the Controlling Authority as defined in Act 21 of 1940.”

(4) RESTRICTION ON THE DISPOSAL OF ERF

The township owner shall not, offer for sale or alienate Erf 714 within a period of six months from the date of declaration of the township as an approved township, to any person or body other than the local authority unless the local authority has indicated in writing that it does not wish to acquire the erf.

(5) DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES

The township owner shall at its own expense cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority, when required by the local authority to do so.

(6) OBLIGATIONS IN REGARD TO ESSENTIAL SERVICES

The township owner shall within such period as the local authority may determine, fulfil its obligations in respect of the provision of water, electricity and sanitary services and the installation of systems therefor, as previously agreed upon between the township owner and the local authority.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven shall be subject to the following conditions imposed by the Administrator in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.

- (1) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and

ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

- (2) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.
- (3) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

27B/90-05-10P

Administrateurskennisgewing 491

17 Oktober 1990

## SANDTON-WYSIGINGSKEMA 1155

Die Administrateur verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Sandton-dorpsbeplanningskema, 1980, wat uit dieselfde grond as die dorp Woodmead Uitbreiding 19 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Departementshoof, Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, en die Stadsklerk, Sandton, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Sandton-wysigingskema 1155.

PB 4-9-2-116H-1155

56/900122P

Administrateurskennisgewing 492

17 Oktober 1990

## VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hiermee die dorp Randjespark Uitbreiding 8, tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

PB 4-2-2-6069

## BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR DIE PORTLAND CEMENT INSTITUTE INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 184 VAN DIE PLAAS WATERVAL 5-IR PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS

## 1. STIGTINGSVOORWAARDES

other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

- (2) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.
- (3) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

27B/90-05-10P

Administrator's Notice 491

17 October 1990

## SANDTON AMENDMENT SCHEME 1155

The Administrator hereby in terms of the provisions of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he approved an amendment scheme, being an amendment of Sandton Town-planning Scheme, 1980, comprising the same land as included in the township of Woodmead Extension 19.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Head of Department, Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the Town Clerk, Sandton, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Sandton Amendment Scheme 1155.

PB 4-9-2-116H-1155

56/900122P

Administrator's Notice 492

17 October 1990

## DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of Section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordonance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Randjespark Extension 8 Township, to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

PB 4-2-2-6069

## SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE PORTLAND CEMENT INSTITUTE UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 184 OF THE FARM WATERVAL 5-IR PROVINCE OF TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED

## 1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) NAAM

Die naam van die dorp is Randjespark Uitbreiding 8.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. A6784/87.

(3) BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.

(4) TOEGANG

Tensy die skriftelike toestemming van die Adjunk-direkteur-generaal van die Tak Paaie van die Transvaalse Provinsiale Administrasie verkry is, moet geen ingang van Provinsiale Pad P1/2 tot die dorp en geen uitgang tot Provinsiale Pad P1/2 uit die dorp toegelaat word nie.

(5) ONTVANGS EN VERSORGING VAN STORMWATER

Die dorpseienaar moet die stormwaterdreinerings van die dorp so reël dat dit inpas by dié van Pad P1/2 en moet die stormwater wat van die pad afloop of afgelei word, ontvang en versorg.

(6) VERPLIGTINGE TEN OPSIGTE VAN NOODSAAKLIKE DIENSTE

Die dorpseienaar moet binne sodanige tydperk as wat die plaaslike bestuur mag bepaal, sy verpligtinge met betrekking tot die voorsiening van water, elektrisiteit en sanitêre dienste en die installering van stelsels daarvoor, soos vooraf ooreengekom tussen die dorpseienaar en die plaaslike bestuur, nakom.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê ingevolge die bepalinge van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965.

(1) ALLE ERWE

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur. Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.
- (b) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke wat hy volgens goeëddunke

(1) NAME

The name of the township shall be Randjespark Extension 8.

(2) DESIGN

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. A6784/87.

(3) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

(4) ACCESS

17.(1) 'n Beswaarmaker wat voor 'n waarderingsraad verskyn het of verteenwoordig was, met inbegrip van 'n beswaarmaker wat 'n antwoord soos in Artikel 15(4) beoog, ingedien of voorgelê het, kan teen die beslissing van sodanige raad ten opsigte waarvan hy 'n beswaarmaker is, binne dertig dae vanaf die datum van die publikasie in die Provinsiale Koerant van die kennisgewing in Artikel 16(4)(a) genoem of, waar die bepaling van Artikel 16(5) van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin genoem, aan sodanige beswaarmaker gestuur is, appèl aanteken deur die sekretaris van sodanige raad 'n kennisgewing

van appèl op die wyse soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die prosedure soos voorgeskryf in te dien en sodanige sekretaris stuur onverwyld 'n afskrif van sodanige kennisgewing van appèl aan die waardeerder en aan die betrokke plaaslike bestuur.

(2) 'n Plaaslike bestuur wat nie 'n beswaarmaker is nie, kan teen enige beslissing van 'n waarderingsraad appèl aanteken op die wyse in Subartikel (1) beoog en enige ander persoon wat nie 'n beswaarmaker is nie, maar wat regstreeks deur 'n beslissing van 'n waarderingsraad geraak word, kan op dergelike wyse, teen sodanige beslissing appèl aanteken."

'n Vorm vir kennisgewing van appèl kan van die sekretaris van die waarderingsraad verkry word.

WA CILLIERS  
Sekretaris: Waarderingsraad

Burgersentrum  
Tautestraat  
Ermelo  
1 Oktober 1990  
Kennisgewing Nr. 75/1990

#### LOCAL AUTHORITY NOTICE 3627

#### TOWN COUNCIL OF ERMELO

#### LOCAL AUTHORITY OF ERMELO: SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEAR 1989/90

#### (Regulation 12)

Notice is hereby given in terms of Section 37 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the supplementary valuation roll for the financial year 1989/90 of all rateable property within the municipality has been certified and signed by the chairman of the valuation board and has therefore become fixed and binding upon all persons concerned as contemplated in Section 37 of that Ordinance.

However, attention is directed to Section 17 of 38 of the said Ordinance, which provides as follows:

"Right of appeal against decision of valuation board.

17.(1) An objector who has appeared or has been represented before a valuation board, including an objector who has lodged or presented a reply contemplated in Section 15(4), may appeal against the decision of such board in respect of which he is an objector within thirty days from the date of the publication in the Provincial Gazette of the notice referred to in Section 16(4)(a) or, where the provisions of Section 16(5) are applicable, within twenty-one days after the day on which the reasons referred to therein, were forwarded to such objector, by lodging with the secretary of such board a notice of appeal in the manner and in accordance with the procedure prescribed and such secretary shall forward forthwith a copy of such notice of appeal to the valuer and to the local authority concerned.

(2) A local authority which is not an objector may appeal against any decision of a valuation board in the manner contemplated in Subsection (1) and any other person who is not an objector but who is directly affected by a decision of a valuation board may, in like manner, appeal against such decision."

A notice of appeal from may be obtained from the secretary of the valuation board.

WA CILLIERS  
Secretary: Valuation Board

Civic Centre  
Taute Street  
Ermelo  
1 October 1990  
Notice No. 75/1990

#### PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3628

#### STADSRAAD VAN ERMELO

#### WYSIGING VAN BOUVERORDENINGE

Die Stadsclerk van Ermelo publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Bouverordeninge van die Munisipaliteit Ermelo, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 427 van 23 Maart 1983, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur die woord "ingenieur" in die sewende reël van artikel 240(2) deur die uitdrukking "hoof: beskermingsdienste van die raad" te vervang.

2. Deur die woord "ingenieur" in die derde reël van artikel 240(3)(a) deur die uitdrukking "hoof: beskermingsdienste van die raad" te vervang.

3. Deur paragraaf (b) van artikel 240(3) deur die volgende te vervang:

"(b) 'n Bord of materiaal soos ingevolge paragraaf (a) voorgeskryf, mag —

(i) nie geplaas word op of teen of bevestig word aan enige jong munisipale boompies met 'n hoogte van laer as 3 meter nie;

(ii) nie geplaas, bevestig of aangebring word op die raad se sypaadjies, hetsy by wyse van hangers of enige ander struktuur of materiaal nie;

(iii) op lamppele van die raad nie nader nie as 2 meter vanaf oorhoofse geleiers geplaas, bevestig of aangebring word nie;

(iv) op geen wyse hoegenaamd geplaas word teen, of bevestig word aan enige gedeelte van enige verkeersteken of verkeerslig nie, of op so 'n wyse geplaas of vertoon word dat dit na die uitsluitlike mening van die hoof: beskermingsdienste van die raad enige verkeersteken of verkeerslig versper of verberg nie;

(v) nie geplaas word op of teen of bevestig word aan, of andersins gestut word deur enige transformator, ander bouwerk of voorwerp wat deur die raad, die Provinsiale raad of die Regering van die Republiek opgerig is nie, buiten die eiendom van die raad in subparagrafe (i) en (ii) hierbo vermeld: Met dien verstande dat die raad op skriftelike aansoek van enige persoon goedkeuring kan verleen onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat die raad na goeddunke mag bepaal, vir die plasing, bevestiging of vertoning van 'n bord of materiaal soos in paragraaf (a) voorgeskryf, aan, op of teen enige ander eiendom van die raad ten opsigte waarvan goedkeuring of magtiging nie voorsiening voor gemaak is in terme van hierdie subparagraaf of subparagraaf (ii) nie;

(iv) slegs met 'n tou, sterk lyn of sagte draad bevestig word aan eiendom van die raad waarop sodanige bord of materiaal aldus geplaas, bevestig of aangebring mag word".

4. Deur die uitdrukking "Provinsiale Raads" in die vierde reël van artikel 240(4)(a) te skrap.

5. Deur paragrafe (b) en (c) van artikel 240(4) deur die volgende te vervang:

"(b) Ten opsigte van elke kandidaat mag daar op enige enkele tydperk in enige munisipale wyk en in enige parlementêre verkiesing, 'n onbeperkte aantal plakate of ander advertensies vertoon word, tensy die raad anders bepaal.

(c) Geen plakkaat of ander advertensie mag langer as 'n tydperk wat strek van die begin van die dag waarop die verkiesing afgekondig is tot middernag van die derde dag na afloop van die verkiesing, vertoon word nie."

6. Deur subartikel (5) van artikel 240 deur die volgende te vervang:

"(5) Daar kan met betrekking tot enige vergadering, byeenkoms of geleentheid, 'n onbeperkte aantal plakate of ander advertensies op dieselfde tyd vertoon word, tensy die raad anders bepaal."

P J G VAN R VAN OUDTSHOORN  
Stadsclerk

Burgersentrum  
Posbus 48  
Ermelo  
2350  
17 Oktober 1990  
Kennisgewing No 25/1990

#### LOCAL AUTHORITY NOTICE 3628

#### TOWN COUNCIL OF ERMELO

#### AMENDMENT TO BUILDING BY-LAWS

The Town Clerk of Ermelo hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Building By-laws of the Ermelo Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 427, dated 23 March 1983, are hereby further amended as follows:

1. By substitution for the word "engineer" in the seventh line of section 240(2) of the expression "chief: protection services of the council".

2. By substitution for the word "engineer" in the fifth line of section 240(3)(a) of the expression "chief: protection services of the council".

3. By the substitution for paragraph (b) of section 240(3) of the following:

"(b) A board or material as prescribed in terms of paragraph (a), shall —

(i) not be placed on or against or be fastened to any young municipal tree with a height of less than 3 metres;

(ii) not be placed, fastened or affixed to the council's sidewalks, whether by means of drop-pers or any other materials or structure;

(iii) be fastened or affixed to the council's lamp posts not nearer than 2 metres from overhead conductors;

(iv) in no manner whatsoever be placed or affixed to or against any traffic sign or traffic light, or be placed or displayed in such a manner that it will in the sole discretion of the chief: protection services of the council, conceal or obstruct any traffic sign or traffic light;

(v) not be placed on or against or be fastened to, or otherwise be supported by any transformer box, other structure or object erected by the council, the Provincial Administration or the Government of the Republic, except the property of the council mentioned in subparagraphs (i) and (ii) above: Provided that at the written request of any person, the council may grant consent, subject to such conditions as the council may deem fit, the placing, fixation or display of a board or material as prescribed in paragraph (a), to, on or against any other property of the council for which consent or approval has not been provided for in terms of this subparagraph or subparagraph (ii);

(vi) be affixed to any property of the council only by means of a rope, strong string or soft wire to which such board or material may be placed, fastened or affixed."

4. By the deletion in the fourth line of section 240(4)(a) of the expression "Provincial".

5. By the substitution for paragraphs (b) and (c) of section 240(4) of the following:

"(b) In respect of each candidate, an unlimited number of posters or other advertisements may be exhibited at any one time in any municipal ward or in any parliamentary constituency, unless the council directs otherwise.

(c) No poster or other advertisement shall be displayed for longer than the period extending from the beginning of the day on which the election has been declared to midnight of the third day after the election."

6. By the substitution for subsection (5) of section 240 of the following:

"(5) An unlimited number of posters or advertisements may be displayed at any one time in relation to any meeting, function or event, unless the council directs otherwise."

P J G VAN R VAN OUDTSHOORN  
Town Clerk  
Civic Centre  
PO Box 48  
Ermelo  
2350  
17 October 1990  
Notice No 25/1990

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3629**

**STADSRAAD VAN ERMELO**

**PLAASLIKE BESTUUR VAN ERMELO: KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING OF EIENDOMSBE- LASTINGS EN VAN VASGESTELDE DAE VIR DIE BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1990 TOT 30 JUNIE 1991 (REGULASIE 17)**

Kennis word hierby gegee dat ingevolge Artikel 26(1) en (2) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977, die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van die boekjaar 1 Julie 1990 tot 30 Junie 1991 gehê word op belastbare eiendom in die waarderingslys opgeteken.

(a)(i) 'n Algemene eiendomsbelastingkoers van 5 sent in die rand op die terreinwaarde van grond of van 'n reg in grond.

(ii) 'n Algemene belasting van 1,5 sent in die rand op die terreinwaarde van grond of van 'n reg in grond.

(b) Dat ingevolge Artikel 21(4) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977, 'n korting van 25 % toegestaan word, dit wil sê, 'n heffing van 4,875 sent in die rand op terreinwaarde van grond of van 'n reg in grond ten opsigte van alle belastbare eiendom wat op 1 Julie 1990 gesoneer is ingevolge die Dorpsbeplanningskema as "Residensieel 1" tot "Residensieel 4", met uitsluiting van staatseie- domme en eiendomme gesoneer "Residensieel 1" tot "Residensieel 4" waar goedkeuring ver- leen is ingevolge Artikel 23 en 24 van die Erme- lo-dorpsbeplanningskema, 1982, en wat nie deur die besigheidseienaars bewoon word nie.

(c) Dat die bedrag verskuldig ten opsigte van eiendomsbelasting betaalbaar is in 12 gelyke maandelikse paaiemente.

(d) Dat die vasgestelde dae betaalbaar op die vyftiende dag van elke maand sal wees en betaling van die eiendomsbelasting voor of op hierdie datum moet geskied.

(e) Dat rente gehê en ingevorder word op ag- terstallige eiendomsbelasting wat nie op die vas- gestelde dae betaalbaar is nie, teen 'n rentekoers soos van tyd tot tyd deur die Administrateur vas- gestel, per jaar.

P J G VAN R VAN OUDTSHOORN  
Stadsklerk  
Stadsraad van Ermelo  
Posbus 48  
Ermelo  
2350  
Kennisgewing No. 71/1990

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 3629**

**TOWN COUNCIL OF ERMELO**

**LOCAL AUTHORITY OF ERMELO: NO- TICE OF GENERAL RATE OR RATES AND OF FIXED DAYS FOR PAYMENT IN RESPECT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY 1990 TO 30 JUNE 1991 (REGULATION 17)**

Notice is hereby given in terms of Section 26(1) and (2) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977, that the following general rates have been levied in respect of the financial year 1 July 1990 to 30 June 1991 on rateable pro- perty recorded in the valuation roll.

(a)(i) A general assessment rate of 5 cent in the rand on the site-value of land or right in land.

(ii) A general rate of 1,5 cent in the rand on the site-value of any land or right in land.

(b) In terms of Section 21(4) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977, a rebate of 25 % is granted on the general rate levied, a rate of 4,875 cents in the rand is thus levied, on the site-value of land or any right in land, in respect of all rateable property zoned "Residential 1" to "Residential 4" on 1 July 1990 excluding govern- ment property and property zoned "Residential 1" to "Residential 4" where approval is granted in terms of Sections 23 and 24 of the Ermelo Town-planning Scheme, 1982, and which are not occupied by the business owner.

(c) The amount due as rates as contemplated in Section 27 of the said Ordinance, shall be pay- able in 12 equal monthly instalments.

(d) The fixed days of payment shall be the fif- teenth day of each month and payment of the as- sessment rates should be paid before or on the above mentioned days.

(e) Interest per year, at a rate determined by the Administrator from time to time shall be le- vied on all amounts in arrears of the fixed days of payment.

P J G VAN R VAN OUDTSHOORN  
Town Clerk  
Town Council of Ermelo  
PO Box 48  
Ermelo  
2350  
Notice No. 71/1990

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3630**

**STADSRAAD VAN FOCHVILLE**

**VERORDENINGE INSAKE PLAKKATE**

Die Stadsklerk van Fochville publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

**WOORDOMSKRYWING**

1. In hierdie verordeninge, tensy dit uit die sa- mehng anders blyk, beteken —

"plakkaat" enige kennisgewing, advertensie, aankondiging, toestel of ander materiaal of voorwerp waarop skrif, letters, syfers of illustra- sies aangebring is met die doel om direk of indi- rek reklame te maak vir, inligting te verskaf oor of die publike aan te lok na enige plek, openbare vertoning, vergadering of ander gebeurtenis wat op 'n bepaalde tyd en plek sal plaasvind, en sluit dit 'n banier in.

"Raad" die Stadsraad van Fochville en omvat die bestuurskomitee van die Raad of met die uit-

sluiting van artikel 13 van hierdie verordeninge, enige beamppte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Admini- strasie en Verkiegings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960) aan hom gedelegeer is;

"straat" enige openbare straat, laan, sypaad- jie, publieke oop ruimte of park binne die muni- cipaliteit Fochville.

**PLAKKATE — ALGEMENE VERBOD SONDER TOESTEMMING**

2. Niemand mag 'n plakkaat in of in sig van 'n straat aanbring, vertoon of dit laat doen of toe- laat dat dit gedoen word nie, tensy hy eers die skriftelike toestemming van die Raad vooraf kragtens hierdie verordeninge verkry het.

**AARD EN BEPERKING VAN PLAKKATE**

3.(1) Plakkate mag slegs aangebring word met die doel om 'n vergadering, byeenkoms of ge- leentheid vir sport, opvoedkundige, liefdadig- heids-, politieke of ander doeleindes soos deur die Raad goedgekeur te adverteer of bekend te maak en geen plakkaat wat uitsluitlik vir kom- mersiële doeleindes of vir die adverteer van 'n bepaalde handelsproduk bedoel is mag vertoon of aangebring word nie: Met dien verstande dat sodanige plakkaat wat bedoel is om 'n eenmalige geleentheid in die vorm van 'n veiling, tentoon- stelling, promosie of soortgelyke geleentheid te adverteer, na goedgekeur deur die Raad toege- laat kan word.

(2)(a) Plakkate wat vertoon of aangebring word met die oog op die bevordering van die kandidatuur van 'n kandidaat in 'n Parlementêre of munisipale verkiesing, mag slegs in die wyk of gedeelte van die kiesafdeling binne die munisi- pale gebied ten opsigte waarvan die kandidaat sy veldtog voer, aangebring word.

(b) Ten opsigte van elke kandidaat mag daar uiters 100 plakkate of ander advertensies op enige enkele tydperk in enige munisipale wyk, en uiters 200 in enige parlementêre kiesafdeling, vertoon word.

(3) Plakkate waarop slagspreuke verskyn mag slegs in verband met 'n verkiesingsveldtog en ge- durende die tydperk wanneer sodanige veltog normaalweg gevoer word en wat 'n verkiesing onmiddellik voorafgaan vertoon of aangebring word.

(4) Geen plakkaat mag nader as 50 m vanaf enige grens of van enige eiendom waarop 'n kerkgebou opperig is, aangebring of vertoon word nie tensy enige lokaal op sodanige eien- dom as verkiesingslokaal deur die bevoegde owerheidsliggaam aangewys is.

(5) Geen plakkaat wat na die mening van die Raad enige onwettige strekking het of iets onbetaamlik suggereer of die openbare sedes kan benadeel mag vertoon word nie.

**AANSOEK OM MAGTIGING**

4. Enigiemand wat 'n plakkaat wil vertoon moet vooraf toestemming soos bedoel in artikel 2 verkry en moet —

(1) 'n skriftelike aansoekvorm verkrygbaar by die Stadsingenieur, voltooi waarin die volgende besonderhede verstrekk moet word:

(a) die naam van die persoon of organisasie wat die plakkaat wil vertoon;

(b) die adres en telefoonnommer van die per- soon wat vir die aanbidding van die gebeurtenis soos in die plakkaat uiteengesit, verantwoorde- lik sal wees;

(c) die plek en datum van die gebeurtenis;

(d) die datum waarop die gebeurtenis ten einde loop;

(e) die aantal plakkate wat vertoon sal word en die plek waar dit vertoon sal word;

(f) die grootte van die plakkaat.

(2) 'n volledige eksemplaar of weergawe van elke plakkaat by voltooiing van die aansoekvorm bedoel in sub-artikel (1) voorlê.

#### VEREISTES VIR AANBRING VAN PLAKKATE

5. Enigiemand wat uit hoofde van 'n magtiging wat ingevolge hierdie verordeninge verleen is 'n plakkaat vertoon, of laat vertoon moet aan die volgende vereistes voldoen of sorg dat dit nagekom word:

(a) Die plakkaat moet op so 'n wyse aan 'n netjiese en sterk bord van hout of 'n ander geskikte materiaal, deur die Raad goedgekeur, bevestig word dat dit nie vanweë wind of reën heeltemal of gedeeltelik los sal raak nie en nóg die bord of ander materiaal, nóg die plakkaat self mag groter as 900 mm x 600 mm wees.

(b) 'n Bord of materiaal soos ingevolge subartikel (a) voorgeskryf, mag nie geplaas word op of teen of bevestig word aan, of andersins gestut word deur enige transformator, geleid- of telegraafpaal, verkeerslig- of teken of ander bouwerk of voorwerp wat deur die Raad of die Regering van die Republiek opgerig is nie, behalwe aan of teen 'n elektriese paal wat in 'n straat staan of 'n struktuur spesiaal deur die Raad opgerig vir die doel en daar mag slegs van lyn, tou of ander goedgekeurde materiaal vir die doeleindes van aanhegting van 'n plakkaat gebruik gemaak word.

(c) Geen bord of materiaal, soos voormeld, mag op so 'n plek geplaas word of op so 'n wyse bevestig word dat dit na die mening van die Raad 'n gevaar vir voertuigverkeer of voetgangers in 'n straat of op 'n ander openbare plek, inhou nie.

(d) Enigiemand aan wie magtiging ingevolge hierdie verordeninge uitgereik is ten opsigte van die vertoning van 'n plakkaat, moet sodanige plakkaat te alle tye behoorlik in stand hou sodat dit nie ontsierend is nie of 'n gevaar of hindernis skep nie.

#### TYDPERK VAN VERTONING

6.(a) Geen plakkaat, uitgesonderd 'n plakkaat wat betrekking het op 'n Parlementêre of munisipale verkiesing mag langer as 14 dae voor die datum waarop die gebeurtenis 'n aanvang neem en langer as 4 dae na die dag waarop dit geëindig het, vertoon word nie.

(b) Geen plakkaat of ander advertensie wat betrekking het op 'n Parlementêre of munisipale verkiesing mag langer as 'n tydperk wat strek van die begin van die nominasiedag af tot die einde van die sewende dag om middernag ná die verkiesingsdag, vertoon word nie.

#### GELDE BETAALBAAR

7.(1) Daar mag, hetsy daar ingevolge die bepaling van artikel 4 magtiging daartoe verleen is al dan nie, geen plakkaat of ander advertensie in 'n straat of op 'n ander openbare plek geplaas word nie, tensy die toepaslike bedrag wat in Bylae 1 hierby voorgeskryf is, by wyse van 'n deposito en administrasiegeld aan die Raad betaal is.

(2) Op elke plakkaat wat vertoon word, word die Raad se amptelike plakker, soos uitgereik, aangebring en geen plakkaat mag in of in sig van 'n straat vertoon word nie tensy sodanige plakker daarop aangebring is.

#### WEIERING VAN AANSOEK

8. Die Raad kan weier om 'n magtiging uit te reik —

(a) indien die aansoek om magtiging nie alle voorgeskrewe inligting of besonderhede bevat nie of nie deur die aansoeker onderteken is nie; of

(b) indien die aanbring of vertoning van die betrokke plakkaat teenstrydig sal wees met die bepalinge van hierdie verordeninge of enige ander verordeninge van die Raad of enige wet.

#### VRYGESTELDE PLAKKATE

9. Die bepalinge van artikel 4, 6 en 7 is nie van toepassing nie op 'n tydelike advertensieteken betreffende —

(a) die verkoop of verhuur van 'n eiendom wat op die eiendom aangebring is;

(b) 'n aansoek ingevolge 'n Dorpsbeplanningskema van die Raad of enige ander deur 'n wet voorgeskrewe advertensie of kennisgewing;

(c) wat aangebring is deur die eienaar of bestuurder van 'n teater of bioskoop by sodanige teater of bioskoop en wat 'n vertoning wat in daardie of enige ander teater of bioskoop gehou gaan word, adverteer;

(d) wat deur die Raad vertoon word;

(e) wat binne 'n besigheidsgebou aangebring is.

#### VERWYDERING VAN PLAKKATE

10.(1) Die Raad is geregtig om enige plakkaat waarvan die oprigting of vertoning in stryd met enige wet, regulasie of verordening is, sonder betaling van vergoeding aan enigeen, onverwyld te verwyder en daarvoor na goeddunke te beskik.

(2) Elke deposito wat ingevolge hierdie verordeninge betaal is, word behoudens die bepalinge van artikel 7(1), terugbetaal wanneer al die plakkaate waarop die deposito betrekking het tot voldoening van die Raad verwyder is, en nie voor die tyd nie.

(3) Iemand wat, nadat hy 'n plakkaat vertoon of laat vertoon het, versuim om dit te verwyder of te laat verwyder binne die tydperk wat by artikel 6 voorgeskryf is, begaan 'n misdryf en benewens enige boete wat hy by skuldigebevestiging ingevolge artikel 15 moet betaal, verbeur hy ook die deposito betaal in gevolge artikel 7(1) of sodanige deel van die deposito as wat die Raad in verhouding tot die getal plakkaate wat nie verwyder is nie, kan bepaal.

(4) Die Raad kan, sonder om enigiemand daarvan kennis te gee, self enige plakkaat of advertensie verwyder en vernietig wat sonder sy vergunning vertoon is of wat in stryd met enige bepaling van hierdie verordeninge vertoon word, of wat nie binne die tydperk soos by artikel 6 voorgeskryf verwyder is nie, verwyder en die persoon wat enige sodanige plakkaat of advertensie vertoon het of dit laat vertoon het of toegelaat het dat dit vertoon word, is verplig om aan die Raad die koste van genoemde verwydering en vernietiging wat deur die Raad bepaal en van die gestorte deposito afgetrek moet word, te vergoed, en is boonop skuldig aan 'n misdryf.

#### SKADE AAN MUNISIPALE EIENDOM

11.(1) Geen skade mag aan enige elektriese paal of enige ander munisipale eiendom aangebring word nie, en enige persoon wat enige sodanige skade veroorsaak of laat veroorsaak, is skuldig aan 'n misdryf en is verantwoordelik om benewens die boete wat opgelê mag word, die skade op eie koste tot voldoening van die Raad te herstel.

(2) Enigiemand wat 'n plakkaat aan enige elektriese paal of enige ander munisipale eiendom aanbring doen dit op eie risiko en die Raad is nie aanspreeklik vir enige besering van 'n persoon of beskadiging van enige eiendom indien sodanige besering of beskadiging opgedoen is tydens die aanbring of afhaal van die plakkaat nie.

#### VERANDERINGE AAN PLAKKATE

12. Geen veranderinge mag aan 'n plakkaat of die plasing daarvan wat ingevolge hierdie verordeninge gemagtig is, aangebring word nie, tensy die Raad se toestemming vooraf verkry is.

#### BESLEGTING VAN GESKILLE

13. In geval 'n geskil sou ontstaan oor die vraag of 'n plakkaat, 'n plakkaat is al dan nie,

word dit na die Raad verwys wie se beslissing final en afdoende is.

#### VERMOEDENS TEN OPSIGTE VAN REGSGEDINGE

14.(1) Daar word geag dat enigiemand wat 'n plakkaat opgerig of vertoon het, of wat veroorsaak of toegelaat het dat dit opgerig of vertoon word, of enigiemand wat geregtig is om dit te verwyder, uitgesonderd 'n polisiebeampte of enige ander persoon wie se plig dit is om hierdie verordeninge toe te pas, die persoon is om hierdie verordeninge opgerig of vertoon het terwyl en wanneer dit ook al in of in sig van 'n straat sigbaar was.

(2) Iemand wat, hetsy alleen of saam met iemand anders, verantwoordelik is vir die reëling van, of wat in beheer staan van, 'n vergadering, byeenkoms of geleentheid waarop 'n plakkaat betrekking het, word, tot tyd wyl die teendeel bewys is, beskou as die persoon wat elke plakkaat wat vertoon word en wat op daardie vergadering, byeenkoms of geleentheid betrekking het, vertoon het, laat vertoon of toegelaat of geduld het dat dit vertoon word.

#### MISDRYWE EN STRAWWE

15. Enigiemand wat enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of versuim of daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigebevestiging strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of, by wanbetaling, gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 3 maande.

#### BYLAE I

Tarief van deposito's en administrasiegelde betaalbaar ten opsigte van plakkaate en baniere:

(1) Deposito per plakkaat per geleentheid: R2,00. (onderworpe aan 'n maksimum deposito van R100).

(2) Deposito per banier per geleentheid soos deur die Raad goedgekeur: R20,00.

(3) Administrasiegelde per plakkaat: R0,20.

(4) Administrasiegelde ten opsigte van 'n banier: R20,00.

A WRHEEDER  
Stadsklerk

Munisipale Kantore  
Posbus 1  
Fochville  
2515

17

#### LOCAL AUTHORITY NOTICE 3630

#### MUNICIPALITY OF FOCHVILLE

#### BY-LAWS RELATING TO POSTERS

The Town Clerk of Fochville hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

#### DEFINITIONS

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates —

"Council" means the Town Council of Fochville and includes the Management Committee of that Council or, with the exclusion of section 13 of these by-laws, any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960).

"street" means any public street, lane, sidewalk, public open space or park within the Fochville municipality.

"poster" means any notice, advertisement, announcement, device, or other material or object on which writing, print, figures or illustrations have been affixed with the purpose to promote directly or indirectly or to give information to the public or to attract or invite the public to any place, public display, meeting or other event which will take place on a certain date, place and time and includes a banner.

**POSTERS — GENERAL PROHIBITION WITHOUT CONSENT**

2. No person shall affix or display a poster or cause it to be done in or in view of any street, without having had obtained prior written permission of the Council in terms of these by-laws.

**NATURE AND RESTRICTION OF POSTERS**

3.(1) Posters may only be displayed for the purpose of advertising or announcing a meeting, gathering or a sporting, educational, charitable, political or other event as approved by the Council and no poster exclusively for commercial purposes or for the advertising of a specific commercial product may be affixed or displayed: Provided that a poster which is intended to advertise a once only event in the form of an auction, exhibition, a promotion or similar event may be displayed at the pleasure of the Council.

(2)(a) Posters which are displayed or affixed with the view of promoting the candidature of a candidate in a Parliamentary or municipal election may only be affixed in the ward or part of the constituency in the municipality in respect whereof the candidate conducts his election campaign.

(b) In respect of each candidate not more than 100 posters or other advertisements shall be exhibited at any one time in any municipal ward and not more than 200 shall be so exhibited in any parliamentary constituency.

(3) Posters containing slogans may only be displayed or affixed in respect of an election campaign and during the period immediately preceding an election when such campaign is normally conducted.

(4) No poster may be affixed or displayed less than 50 m from the boundary of any church or the property on which such church is situated unless a room or hall on such property has been specifically allocated by a competent authority as an electoral office.

(5) No poster may be displayed which to the mind of the Council contains something indecent or which suggests anything improper or which may harm the public morals.

**APPLICATION FOR AUTHORITY**

4. Any person who wants to display a poster shall first obtain the consent in terms of section 2 of these by-laws and shall —

(1) complete a written application form obtainable from the Town Engineer in which the following particulars shall be furnished:

(a) the name of the person or organisation who wants to display a poster;

(b) the address and telephone number of the person who will be responsible for the presentation of the event as indicated on the poster;

(c) the place and date where the event will take place;

(d) the date on which the event will terminate;

(e) the number of posters that will be displayed and the place(s) where it will be displayed;

(f) the size of the poster;

(2) present a full specimen or replica of the poster at the time of completing the application form referred to in subsection (1).

**PREREQUISITES FOR AFFIXING POSTERS**

5. Any person who wants to display a poster or allow a poster to be displayed in terms of these by-laws shall comply with the following prerequisites or see to it that it is being complied with:

(a) The poster shall be affixed to a neat strong board made out of wood or other suitable material approved by the Council in such a manner that it shall not become completely or partially detached through wind or rain and neither the board or the other material nor the poster shall be larger than 900 mm x 600 mm;

(b) A board or other material as prescribed in subsection (a) may not be placed on or against or be fastened to or otherwise be supported by any transformer box, telegraph pole or conduit, robot, traffic sign, or other building structure or object erected by the Council or the State except to or against an electric pole in a street or other structure, specially erected by the Council for this particular purpose, by means of a string, rope or other approved material for the purpose of affixing the poster.

(c) No board or other material, prescribed above, may be placed at such a place or be fastened in such a manner as to create a danger to vehicular or pedestrian traffic in the Council's opinion.

(d) Any person authorised in terms of these by-laws to display a poster shall at all times see to it that the poster is maintained in a proper manner so as not to create a danger or obstruction or a defacement.

**PERIOD OF DISPLAYING**

6.(a) No poster, with the exception of a poster with regard to a Parliamentary or municipal election, may be displayed for more than 14 days before the day of commencement of the event or later than 4 days after termination thereof.

(b) No poster or other advertisement with regard to a Parliamentary or municipal election shall be displayed during a period other than the period as from nomination day up to midnight of the seventh day following the election day.

**FEES PAYABLE**

7.(1) Notwithstanding the granting of consent in terms of section 4, no poster or other advertisement may be affixed in a street or at any other public place, unless the applicable amount, as set out in Schedule 1 as prescribed hereby, has been paid as a deposit and administration fee to the Council.

(2) The Council's official sticker, as issued, must be affixed to every poster which is displayed and no poster may be erected in or in sight of a street unless such sticker is affixed thereon.

**REFUSAL OF APPLICATION**

8. The Council may refuse its consent —

(a) if the application for consent does not contain all prescribed information or particulars or is submitted without being signed by the applicant; or

(b) if the display of the specific poster will be in contravention with the provisions of these by-laws or any other by-laws of the Council or any statute.

**EXEMPTED POSTERS**

9. The provisions of section 4, 6 and 7 are not applicable in respect of a temporary advertisement —

(a) regarding the sale or lease of a property which is affixed on the property;

(b) in respect of an application in terms of a Town-planning Scheme of the Council or any

other advertisement or notice as prescribed by statute;

(c) in respect of the show to take place in a particular or any theatre which is affixed by the owner or manager of such a theatre or bioscope at such theatre or bioscope;

(d) displayed by the Council;

(e) affixed within a building containing a business.

**REMOVAL OF POSTERS**

10.(1) The Council is entitled to without paying any remuneration to anyone, remove any poster without delay and deal therewith in its entire discretion, which is erected or displayed in contravention of any act, regulation or by-law.

(2) Every deposit paid in terms of these by-laws, shall be refunded subject to the provisions of section 7(1), when and not before all posters in respect whereof the deposit applied are removed to the satisfaction of the Council.

(3) Any person who, after having or causing to have displayed a poster, fails to remove or cause to have removed same within the time limits as laid down in section 6, is guilty of an offence and despite payment of any fine imposed on conviction in terms of section 15, forfeits the deposit paid in terms of section 7(1) or such part thereof as may be decided upon by the Council in relation to the number of posters not removed.

(4) The Council may, without notification to anyone, of its own accord remove and dispose of any poster or advertisement which is displayed without its consent or in contravention of any provision of these by-laws, or which is not removed within the time limit as laid down by section 6 and the person who displayed or caused to be displayed any such poster or advertisement, is under obligation to reimburse to the Council the costs of such removal and disposal as fixed by the Council, to be deducted from the deposit paid and is furthermore guilty of an offence.

**DAMAGE TO MUNICIPAL PROPERTY**

11.(1) No damage shall be caused to any electric post or any other municipal property and any person who so causes any damage will be guilty of an offence and is liable to repair the damages at own cost to the satisfaction of the Council, despite payment of any fine which may be imposed.

(2) Any person who affixes a poster to any electric post or any other municipal property, does so at own risk and the Council shall not be held liable in respect of any injury to a person or damage to any property suffered in the process of affixing or removal of such poster.

**ALTERATIONS TO POSTERS**

12. No alterations shall be effected to any poster or the positioning thereof which was authorised in terms hereof without the permission of the Council first having been obtained.

**SETTLEMENT OF DISPUTES**

13. In the event of a dispute over the question whether a poster is a poster or not, such dispute shall be referred to the Council whose decision shall be final and decisive.

**PRESUMPTIONS IN RESPECT OF LEGAL PROCEEDINGS**

14.(1) It is presumed that any person who affixed or displayed a poster, or caused it to be so affixed or displayed, or who is entitled to remove such poster, is the person responsible for the affixing or display of such poster whenever the same is visible in or in sight of a street, with the exception of a police officer or any other person whose duty it is to enforce these by-laws.

(2) Any person who, whether alone or in concert with another, is responsible for the organising of, or is in control of, a meeting, gathering or

event involving a poster, shall be regarded, until proof to the contrary is furnished, as being the person who displayed or caused the display of every poster which was displayed in connection with such meeting, gathering or event.

#### OFFENCES AND PENALTIES

15. Any person contravening or failing to comply with any provision of these by-laws shall be guilty of an offence and shall on conviction thereof be liable to a fine not exceeding R300 or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding 3 months.

#### SCHEDULE 1

Tariff of deposits and administration fees payable in respect of posters:

(1) Deposit per poster per event (Subject to a maximum deposit of R100): R2,00.

(2) Deposit per banner per event as approved by Council: R20,00.

(3) Administration fee per poster: R0,20.

(4) Administration fee per banner: R20,00.

A W RHEEDER  
Town Clerk

Municipal Offices  
PO Box 1  
Fochville  
2515

17

#### PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3631

#### STAD GERMISTON

#### WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE OPENBARE PARKE

Die Stadsclerk van Germiston publiseer hiermee ingevolge Artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur die Verordeninge hierna uiteengesit wat deur die Stadsraad an Germiston ingevolge artikel 96 van genoemde Ordonnansie gemaak is.

Die Verordeninge betreffende Openbare Parke van die Munisipaliteit Germiston, afgekondig by Munisipale Kennisgewing 110/1988 van 3 Augustus 1988, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur by artikel 4 die volgende subartikel by te voeg:

"(7). Honde wat in die meerpark ingebring word sal slegs op die voertuigpaaie en voetgangerwandelpaaie toegelaat word en glad nie op die gras of piekniek areas nie."

A W HEYNEKE  
Stadsclerk

Burgersentrum  
Crossstraat  
Germiston  
Kennisgewing No. 166/1990

#### LOCAL AUTHORITY NOTICE 3631

#### CITY OF GERMISTON

#### AMENDMENT OF BY-LAWS RELATING TO PUBLIC PARKS

The Town Clerk of Germiston hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter that have been made by the City Council of Germiston in terms of section 96 of the said Ordinance.

The By-laws relating to Public Parks of Germiston Municipality published under Municipal Notice 110/1988, dated 3 August 1988, as

amended, are hereby further amended by the addition to section 4 of the following subsection:

"(7) Dogs brought into the lake park shall only be allowed on the motorways and pedestrian walkways and not on the grass or any picnic area."

A W HEYNEKE  
Town Clerk

Civic Centre  
Cross Street  
Germiston  
Notice No. 166/1990

17

#### PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3632

#### MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG

#### WYSIGING VAN DIE VERKEERSVERORDENINGE

Die Stadsclerk publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge wat hierna uiteengesit word, wat die Raad aangeneem het.

Die Verkeersverordeninge van die Johannesburgse Munisipaliteit, gepubliseer by Administratiewe Kennisgewing 281, gedateer 27 Junie 1934, soos gewysig, word hierby soos volg verder gewysig:

1. Deur artikel 76ter deur die volgende te vervang:

"76ter. Openbare Vergaderings en Optogte in die Algemeen

(1) Niemand mag in, by of op 'n openbare plek wat onder die beheer van die Raad staan 'n openbare vergadering hou of belê, of 'n openbare optog reël of hou nie, tensy die Raad se skriftelike toestemming wat deur die Stadsclerk onderteken is, eers verkry is; met dien verstande egter dat sodanige toestemming slegs om die redes wat in subartikel (4) uiteengesit is, geweier mag word.

(2) Die skriftelike aansoek om die toestemming van die Raad om 'n openbare vergadering te hou of te belê, of om 'n openbare optog te reël of te hou, moet die Stadsclerk bereik minstens sewe (7) dae voordat die vergadering of optog moet begin. Iedere sodanige aansoek moet aan die Stadsclerk gerig word en moet —

(a) die volle naam en volledige adres bevat van die persone wat die voorgename openbare vergadering gaan hou of belê, of die openbare optog gaan reël of hou;

(b) die datum en tyd en die plek of roete daarvan aangee, en meld of dit die voorneme is om orkeste, musiekinstrumente, luidsprekers of soortgelyke toestelle te gebruik, al dan nie;

(3) (a) Wanneer die Stadsclerk sodanige toestemming verleen, kan hy deur middel van 'n skriftelike kennisgewing wat aan die applikant gerig is, sodanige voorwaardes stel en opdragte gee wat hy nodig ag vir —

(i) die regulering en beheer van vergaderings en optogte;

(ii) die voorkoming van belemmering van verkeer;

(iii) die voorkoming van die inmenging met die gebruik van openbare plekke;

(iv) die beskerming van raadseiendom;

(v) die voorkoming van inbreuk op die geriewe van die publiek;

(b) Vir die doeleindes van subparagraaf (i) tot (v) kan die Stadsclerk, benewens enige ander voorwaardes wat hy nodig ag —

(i) 'n deposito vereis ter dekking van die Raad se koste wat aangegaan word in verband met die vergadering of optog;

(ii) 'n vrywaring tot voldoening van die Stadsekretaris teen skade aan raadseiendom vereis;

(iii) die hou van 'n vergadering of optog tot 'n aangewese plek of gebied beperk;

(iv) die hou van 'n vergadering of optog tot 'n besondere tyd of periode beperk; en

(v) die gebruik van orkeste en musiekinstrumente, luidsprekers of soortgelyke toestelle verbied.

(4) Die Stadsclerk kan weier om sodanige toestemming te verleen indien hy rede het om te glo dat sodanige openbare vergadering of optog, indien dit gehou word, moontlik tot die belemmering van verkeer of die beskadiging van of inbreuk op die gebruik van openbare plekke of raadseiendom aanleiding kan gee.

(5) Iedereen wat —

(a) soos gemeld in subartikel (1), 'n openbare vergadering hou, belê of bywoon, of 'n openbare optog reël, hou of bywoon, waarvoor die toestemming van die Stadsclerk, soos voorheen hierin bepaal, nie verkry is nie;

(b) 'n openbare vergadering hou, belê of bywoon, of 'n openbare optog reël, hou of bywoon waarvoor toestemming verkry is, maar wat in gebreke bly om enige voorwaarde of opdrag wat ingevolge subartikel (3) gestel is, na te kom; of

(c) steurnis veroorsaak of 'n oortreding begaan in of op 'n openbare plek of raadseiendom terwyl hy by 'n openbare vergadering of optog is;

moet, indien 'n gemagtigde dienaar van die Raad, of 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie, mag dit vereis, onmiddellik sodanige openbare plek of eiendom verlaat.

(6) Iedereen wat, soos gemeld in subartikel (1) hiervan, 'n openbare vergadering hou, belê of bywoon, of 'n openbare optog reël, hou of bywoon waarvoor die toestemming van die Stadsclerk, soos voorheen hierin bepaal —

(a) nie verkry is nie;

(b) verkry is, maar wat in gebreke bly om enige voorwaarde of opdrag wat ingevolge die bepalings van subartikel (3) gestel of gegee is; na te kom;

(c) verkry is maar wat in gebreke bly om aan enige opdrag waarna in subartikel (5) verwys is, gevolg te gee

is skuldig aan 'n misdryf.

2. Deur subartikel 76quat deur die volgende te vervang:

"76quat. (1) Iedere applikant wat nie tevrede is met die beslissing van die Stadsclerk ingevolge artikel 76bis of 76ter nie, kan skriftelik by die Raad se Bestuurskomitee daarteen appèl aanteken, en die appèlgronde verklaar, gerig aan die Raad se Stadsekretaris en by hom afgelewer sewe dae na die datum waarop die besluit waarteen appèl aangeteken word, aan die applikant oorgedra is.

(2) Die Bestuurskomitee moet sodanige appèl so gou as wat billikerwys doenlik is, oorweeg, maar in iedere geval nie later as die volgende gewone vergadering van die Komitee nie.

H.H.S. VENTER  
Stadsclerk

Burgersentrum  
Braamfontein  
Johannesburg  
17 Oktober 1990

91990 (verw.: 69111  
ef/CYN



LOCAL AUTHORITY NOTICE 3632

JOHANNESBURG MUNICIPALITY

AMENDMENT TO THE TRAFFIC BY-LAWS

The Town Clerk hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter which have been adopted by the Council.

The Traffic By-laws of the Johannesburg Municipality, published under Administrator's Notice 281 dated 27 June 1934, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution for section 76ter of the following:

"76ter. Public Gatherings and Processions Generally

(1) No person shall hold, convene or organise any public gathering or procession in, at or on any public place under the control of the Council without the written permission of the Council under the hand of the Town Clerk provided, however, that such permission may only be withheld for the reasons set out in subsection (4).

(2) Written application for the permission of the Council to the holding, convening or organising of such public gathering or procession shall reach the Town Clerk not later than seven (7) days before such gathering or procession is due to commence. Every such application shall be addressed to the Town Clerk and shall —

(a) contain the full names and addresses of the holders, conveners or organisers of the proposed public gathering or procession;

(b) specify the date and time and place or route thereof and whether or not it is proposed to use bands, musical instruments, loudspeakers or similar devices.

(3) (a) In granting such permission the Town Clerk may by notice in writing addressed to the applicant impose such conditions and instructions as he may deem necessary for —

(i) the regulation and control of gatherings and processions;

(ii) the prevention of obstruction of traffic;

(iii) interference with the use of public places;

(iv) the protection of Council property;

(v) interference with the amenities of the public;

(b) For the purposes of subparagraphs (i) to (v) the Town Clerk may, in addition to any other conditions he may consider necessary —

(i) require a deposit to cover the Council's costs incurred in connection with the gathering or procession;

(ii) require an indemnity to the satisfaction of the City Secretary against damage to Council property;

(iii) limit the holding of a gathering or procession to a specified place or area;

(iv) limit the holding of a gathering or procession to a particular time or period; and

(v) prohibit the use of bands and musical instruments, loud speakers or similar devices.

(4) The Town Clerk may refuse such permission if he has grounds for believing that such a public gathering or procession, if held, is likely to result in obstruction of traffic or damage to or interference with the use of public places or Council property.

(5) Any person who —

(a) holds, convenes, organises or attends a public gathering or procession referred to in subsection (1) in respect of which the permission of the Town Clerk, as hereinbefore provided, has not been obtained;

(b) holds, convenes, organises or attends a public gathering or procession in respect of which permission has been obtained, who fails to comply with any condition or instruction imposed in terms of subsection (3); or

(c) causes a disturbance or commits an offence in or on a public place or Council property while present at any public gathering or procession;

shall, if required to do so by any authorised servant of the Council or member of the South African Police, forthwith, leave such place or property.

(6) Any person who holds, convenes, organises or attends any public gathering or procession referred to in subsection (1) hereof, in respect of which the permission of the Town Clerk, as hereinbefore provided —

(a) has not been obtained;

(b) has been obtained, but who fails to comply with any condition or instruction imposed in terms of subsection (3);

(c) has been obtained but who fails to comply with any instruction referred to in subsection (5)

shall be guilty of an offence.

